higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIERINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

16 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 A
1.3 D
1.4 C
1.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Waar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 I
3.2 F
3.3 J
3.4 B
3.5 H
3.6 C
3.7 G
3.8 E
3.9 M
3.10 L

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 gebalanseerde dieet
4.2 belangrik
4.3 noodsaaklike voedingstowwe
4.4 bene
4.5 nier

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige DRIE van die volgende:**

<u>Polisiediskresie</u>

Dit verwys na die vryheid of gesag van die polisie om besluite te neem in die uitvoering van hulle werk.✓ Oor die algemeen beteken dit dat die polisie, in 'n gegewe situasie, kan kies✓

- om op te tree✓ of nie op te tree nie;✓
- watter soort optrede nodig is;✓ en
- om te arresteer✓ of nie te arresteer nie.✓

Daar is baie situasies waar diskresie nodig is.✓ Om hierdie rede word daar soms na polisiediskresie verwys as 'selektiewe regstoepassing'.✓ Dis 'n belangrike onderwerp want dit kan burgers se lewensgehalte beïnvloed.✓

Diskresie is 'n oordeel wat 'n polisiebeampte in 'n spesifieke situasie vel.✓ In 'n demokrasie word diskresie gewoonlik aangemoedig.✓ Die misbruik van diskresie is egter ontoelaatbaar.✓ Dus, in 'n demokrasie beteken diskresie nie dat 'ek kan doen wat ek wil nie'.✓ Polisiediskresie in 'n demokrasie is altyd aan reëls onderhewig,✓ bv. die wet, polisiebeleid of gemeenskapsaanvaarding.✓
(Enige 3 × 1) (3)

5.2 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige DRIE van die volgende:**

<u>Eienskappe van wetstoepassing</u>

- Reaktief/Onderdrukkend✓
- Dwang (negatiewe persepsie)✓
- Polisiemag✓
- Wetstoepasser/Onderdrukker/Vyand✓
- Min of geen diskresie nie✓
- Doeltreffendheid is statisties meetbaar✓
- Eksklusiewe polisiefunksie✓
- Dwangbeheer✓
- Reëls en prosedures✓
- Daarop gemik om sommige gedrag/mense uit te wis/elimineer✓

(Enige 3 × 1) (3)

5.3 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige VYF van die volgende:**

<u>Die Verenigde Nasies se gedragskode vir wetstoepassende beamptes</u>

- <u>Artikel 1</u>: Die polisie sal ten alle tye die plig uitvoer wat die wet op hulle lê.✓ Dit sluit alle mense in wat polisiemagte uitoefen, veral die mag tot arrestasie of aanhouding.✓

- <u>Artikel 2</u>: Die polisie sal menswaardigheid respekteer en beskerm✓ en bewaar, en alle mense se menseregte in stand hou.✓

- <u>Artikel 3</u>: Die gebruik van geweld deur polisiebeamptes is beperk tot situasies waar dit streng noodsaaklik is,✓ en dan ook net tot die mate wat vereis word om hul plig uit te voer.✓

- <u>Artikel 4</u>: Vertroulike sake in besit van polisiebeamptes sal vertroulik bly,✓ behalwe as die uitvoering van plig of die wet dit uitdruklik andersins vereis.✓

- <u>Artikel 5</u>: Marteling, of enige ander vorm van wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf is verbode.✓

- <u>Artikel 6</u>: Die gesondheid van mense wat van hul vryheid ontneem is, moet beskerm word en mediese sorg moet verskaf word waar nodig.✓

- <u>Artikel 7</u>: Polisiebeamptes word verbied om enige daad van korrupsie te pleeg✓ en hulle word verplig om sulke dade hewig teen te staan en te bestry.✓

- <u>Artikel 8</u>: Daar word sterk aangedring dat polisiebeamptes die wet en die gedragskode respekteer,✓ enige oortreding van die wet en die gedragskode teenstaan✓ en sodanige oortredings by hul hoofde of ander geskikte owerhede aanmeld.✓

- Die oorvleuelende faktor tussen die twee konsepte is die behoefte om by die wortel van gemeenskapsprobleme uit te kom en geskikte oplossings te kry (as alternatief tot blote wetstoepassing).✓ (Enige 5 × 1) (5)

5.4 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige DRIE van die volgende:**

<u>Persoonlike etiek</u>

Die woord 'etos' se oorsprong is Grieks en beteken:✓
- Persoonlike geloofwaardigheid.✓
- Die geloof wat mense in jou integriteit en bekwaamheid het.✓
- Dis die vertroue wat jy inboesem.✓
- Persoonlike etiek beteken die morele waardes en oortuigings van 'n individu.✓
- Dis 'n gevoel van die self wat berus op 'n persoon se opvoeding en die inprenting van beginsels waarvolgens die individu sy/haar lewe lei.✓
- 'n Paar van hierdie beginsels is om baie vir ander mense om te gee, om selfbeheer toe te pas en om eerlik te wees.✓

- Sommige mense se beginsels berus op hul eie geloofservarings.✓

(Enige 3 × 1) (3)

5.5 **Nota aan assessor: Enige TWEE van die volgende:**

Gedragskode van die Metropolitaanse Polisieagentskap – 'Wettige bevele'

- 'Ons sal alle wettige bevele gehoorsaam✓ en volhard in die voorwaardes van ons staande bevele,✓ toepaslike beleide asook die wet'.✓
- Ons sal ons kollegas ondersteun in die uitvoering van hul pligte✓ en enige onbehoorlike gedrag teenstaan✓ en aanmeld waar nodig'.✓ (2)

5.6 **Nota aan die assessor: Enige TWEE van die volgende:**

Voordele van indiensopleiding

- Leerders sal selfvertroue ontwikkel soos wat hulle gelei word deur die werklike werk wat hulle uiteindelik sonder leiding gaan doen.✓
- Leerders is produktief en hulle doen werklike werk terwyl hulle opleiding ondergaan.✓
- Indiensopleiding is koste-effektief want daar is geen ekstra onkostes betrokke nie.✓ (Enige 2 × 1) (2)

5.7 **Nota aan assessor: Enige TWEE van die volgende:**

Sonder enige voeding sal jy doodgaan.✓ Mense, diere en plante benodig voeding om te oorleef.✓ Jou liggaam sal nie die voedingstowwe hê wat dit benodig vir noodsaaklike funksies op selvlak en in die organe nie.✓ Jou liggaam breek die voedingstowwe af wat jy inneem✓ en gebruik dit om selle en weefsel te bou en te herstel.✓ Hierdie proses staan bekend as metabolisme.✓ Sonder voedingstowwe kan metabolisme nie plaasvind nie.✓

(Enige 2 × 1) (2)

5.8 **Nota aan assessor: Enige TWEE van die volgende:**

Intermediêre strekking
Die doel is om die soepelheid te verhoog wat 'n mens ontwikkel met basiese strekking.✓ As jou liggaam gereed is vir intermediêre strekking, het jy ook beter spierkrag gebou✓ deur ander soorte oefening soos kardiorespiratoriese en kragoefeninge.✓ Hierdie spierkrag help om jou gewrigte tydens strekking te beskerm.✓ (Enige 2 × 1) (2)

5.9 **Nota aan assessor: Enige VIER van die volgende:**

120 m-naelloop
Die 120 m-naelloop word op 'n plat oppervlakte gehardloop✓ vanaf 'n wegspringlyn,✓ oor 'n gemete afstand van 120 meter,✓ na 'n eindstreep.✓ Dit stimuleer die wegspringspoed van polisiebeampte wat verdagte jaag✓ en toets spoed en krag.✓ Die persoon se vermoë om die naelloop te voltooi word geëvalueer.✓

(Enige 4 × 1) (4)

5.10 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige TWEE van die volgende:**

<u>Belangrikheid van Vitamien C</u>

- Dit gee jou immuniteitstelsel 'n hupstoot✓ sodat jy infeksie makliker kan beveg.✓
- Dit help jou liggaam om yster te absorbeer uit die kosse wat jy eet.✓
- Dit help jou senustelsel om behoorlik te funksioneer.✓ (Enige 2 × 1) (2)

5.11 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige TWEE van die volgende:**

<u>Hoe om ontwatering tydens werksure te voorkom</u>

- Drink 6-8 glase water per dag✓ en meer as die weer warm en/of droog is.✓
- As jy ver weg werk van jou kantoor, kombuis of plek waar jy skoon, vars water kan drink, hou 'n bottel water by jou sodat jy nie ontwater nie.✓
- Sorg dat jou dieet nie te veel sout bevat nie. Souterige kos kan jou ontwater.✓
- Sommige stowwe, soos kaffeïen, laat jou liggaam meer uriene vervaardig as gewoonlik. Dit kan tot ontwatering bydra.✓
- Probeer eerder om water en kaffeïenvrye tee by die werk te drink in plaas van koffie.✓
- As jy buite in die son of hitte werk, of as jou werk fisiek baie van jou verg, sal jy meer vloeistowwe moet inneem as wanneer jy by 'n lessenaar in 'n kantoor werk.✓ Pas jou hidrasie aan volgens jou behoeftes.✓
- Probeer ook om in die skaduwee te bly of dra 'n hoed/pet wat jou teen die son beskerm.✓ (Enige 2 × 1) (2)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 **Nota aan die assessor: Enige VYF van die volgende:**

Gemeenskapspolisiëring
Gemeenskapspolisiëring is meer van 'n polisiëringsfilosofie as wat dit 'n duidelik gedefinieerde polisiëringsmetode is.✓

Peel se 'nuwe polisie' beklemtoon:
- Polisiëring met toestemming✓
- Plaaslike verantwoordelikheid vir polisiëring✓
- Non-militarisme in polisiëring✓
- Die fundamentele regte van individue✓

In Suid-Afrika is die polisie die instrumente waardeur die gemeenskap samelewingsorde handhaaf.✓ Dit beteken die polisie is in vennootskap met die gemeenskap✓ waar die polisie die aktiewe vennoot is en die gemeenskap die rol van passiewe vennoot aanneem.✓

Aktiewe vennote word ingespan om take te verrig wat uiteindelik die verantwoordelikheid van elke burger is.✓

Passiewe vennote moet primêre verantwoordelikheid vir hul veiligheid neem en hul sekondêre plig is om aktiewe vennote te ondersteun.✓

Gemeenskapspolisiëring is nou verbind met die eienskappe van die polisiëringsbedieningstyl.✓ Die polisie moet deel van die gemeenskap en nie op 'n afstand wees nie.✓ Gemeenskapspolisiëring word hoofsaaklik gedryf deur Gemeenskapspolisiëringsforums (GPF's) en deur sektorpolisiëring.✓

(Enige 5 × 1) (5)

6.2 **Nota aan die assessor: Enige SES van die volgende:**

Etiek in polisiëring behels die volgende aspekte:
- Hanteer goeie en slegte aspekte van polisiëring✓
- Die morele plig en verpligtings van polisiebeamptes✓
- 'n Stel morele beginsels of waardes wat polisiebeamptes moet hê✓
- Die gedragsbeginsels wat 'n individuele polisiebeampte en 'n groep polisiebeamptes reguleer✓
- Die studie van die algemene aard van morele waardes en van spesifieke morele keuses in polisiëring✓
- Die reëls van standaarde wat die gedrag van lede van die beroep reguleer✓
- Die morele gehalte van 'n spesifieke optrede✓ (Enige 6 × 1) (6)

6.3 **Nota aan die assessor: Enige VYF van die volgende:** (5)

- Die verskil tussen gemeenskapspolisiëring en probleemgeoriënteerde polisiëring is nie altyd duidelik nie.✓
- Sommiges sal sê dat die twee konsepte van mekaar verskil✓ in terme van afhanklikheid van die gemeenskap.✓
- Gemeenskapspolisiëring is geheel en al afhanklik van die gemeenskap.✓
- Baie probleemgeoriënteerde aksies maak ook op gemeenskapsbetrokkenheid staat.✓
- Gevolglik kan polisiëringstaktieke soos klopjagte beskou word as probleemgeoriënteerde reaksies wat min gemeenskapsbetrokkenheid vereis.✓
- Hierdie taktieke kan 'n invloed hê op die verhouding tussen die polisie en die gemeenskap wat weer gemeenskapspolisiëring betrek.✓
- Gemeenskapspolisiëring maak in werklikheid van die polisie gemeenskapsbestuurders wat betrokke is by wyduiteenlopende gemeenskapsprobleme oor 'n lang tydperk.✓
- Probleemgeoriënteerde polisiëring mag dalk fokus op 'n spesifieke probleem oor 'n kort tydperk.✓ (Enige 5 × 1)

6.4 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige VYF van die volgende:**

<u>Karakteretiek</u>
Karakteretiek gaan oor integriteit,✓ nederigheid,✓ moed,✓ geregtigheid,✓ eenvoudigheid,✓ beskeidenheid✓ en die 'Goue Reël'.✓ Karakteretiek verteenwoordig die ware self;✓ die eienskappe en potensiaal wat binne elkeen van ons is.✓ Ongelukkig word ons geleer om te glo dat persoonlikheidsetiek die regte manier is om vriende te maak en ander mense te beïndruk.✓ Die goue reël sê 'ons moet aan ander doen wat ons wil hê ander aan ons moet doen'.✓ (Enige 5 × 1) (5)

6.5 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige TWEE van die volgende:**

<u>Operasionele planne</u>
Operasionele planne is nou gefokus✓ en word deur bedryfsbestuurders vir die kort termyn geformuleer.✓ Daar is twee soorte operasionele planne, naamlik:✓

- Vaste planne wat geformuleer word vir herhalende aktiwiteite,✓ soos 'n standaardplan vir padblokkades.✓
- Eenmalige planne wat geformuleer word vir aktiwiteite wat nie herhaal nie✓ of wat behoeftegebaseer is (soos en wanneer benodig),✓ soos 'n spesifieke misdaadoperasie.✓

(Enige 2 × 1) (2)

6.6 **<u>Nota aan assessor</u>: Enige TWEE van die volgende:**

<u>Omgedopte teorie</u> (2)

'Omgedop' beteken om eerste by die self te begin: 'Op 'n selfs nog meer fundamentele vlak beteken dit om by die mees innerlike deel van die self te begin – by jou paradigmas, jou karakter en jou motiewe.' (Covey, 1990:42-43)✓

Slegs wanneer iemand die wêreld kan hanteer soos dit is, kan jy praat van 'n omgedopte proses.✓ Covey verduidelik dat volhoubare oplossings vir probleme selde van buite af kom.✓ Die uiteindelike doel is 'interafhanklikheid' (ons is verantwoordelik),✓ en nie 'afhanklikheid' (jy is verantwoordelik)✓ of 'onafhanklikheid' (ek alleen is verantwoordelik) nie,✓ wat ons daartoe lei om uiteindelik te leef, lief te hê, te leer en 'n nalatenskap in hierdie wêreld te los.✓
(Enige 2 × 1)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige TIEN van die volgende:**

<u>Die gebruik van geweld</u>
In 'n demokrasie moet die gebruik van polisiegeweld deur die wet toegelaat word.✓ Dus, die wet moet die gebruik van polisiegeweld toelaat anders is daardie geweld onwettig.✓ Dit beteken dat dit moontlik is dat 'n polisiebeampte die wet kan oortree.✓

Polisiebeamptes word nie toegelaat om geweld te gebruik as hulle die situasie sonder dit kan oplos nie.✓ Byvoorbeeld, die polisie behoort nie wapens te gebruik wanneer hulle 'n ongewapende persoon vir winkeldiefstal arresteer nie.✓ Daardie persoon kan nie op die polisie skiet nie, dus, al wat die polisie moet doen, is om die persoon te boei.✓

<u>Hoeveel geweld is genoeg</u>?
Die polisie moet altyd kan bewys dat die hoeveelheid geweld wat hulle gebruik het net genoeg was om hul doelwit te bereik.✓ Die mate van geweld wat gebruik is, moet ook direk verband hou met die mate van geweld wat teen die polisie gebruik is.✓ Dis dikwels nodig vir die polisie om geweld te gebruik,✓ maar dit moet nie gebruik word as dit onnodig is nie.✓ Die polisie moet die boodskap aan die publiek oordra dat hulle geweld kan gebruik om die wet toe te pas.✓

Onder sekere omstandighede sal die gemeenskap dus aanvaar dat die polisie die reg moet hê om geweld te gebruik,✓ maar die polisie moet diegene teen wie hulle optree waarsku, adviseer en probeer oortuig,✓ en slegs geweld gebruik wanneer hierdie metodes nie die situasie kon oplos nie.✓

Die omstandighede van 'n situasie bepaal egter of geweld (en hoeveel geweld) gebruik mag word.✓ As iemand op die punt staan om iemand anders se kop in te slaan met 'n houtblok sou dit kon beteken dat hulle daardie persoon kan doodmaak.✓ Die gebruik van 'n vuurwapen in hierdie voorbeeld is dus

geregverdig✓ omdat die persoon met die houtblok moontlik moord kon pleeg.✓ As dit as waar bewys is,✓ sal 'n hof insien dat die gebruik van vuurwapens deur die polisie in hierdie situasie geregverdig is.✓(Enige 10 × 1) (10)

7.2 **<u>Nota aan die assessor</u>: Maksimum VYF punte kan vir 'Polisiemag' toegeken word en maksimum VYF punte vir 'Polisiediens'.**

<u>Polisiemag</u>
'Polisiemag' verwys na wetstoepassing.✓

- Die polisiemag pas die wet toe deur oortreders te arresteer en misdaad te ondersoek.✓
- Die gebruik van polisiegeweld of mag is van nature negatief en word as straf gebruik.✓
- Die polisiemag evalueer homself in terme van doeltreffendheid,✓ wat gemeet word deur die arrestasiestatistieke of inkomste wat deur middel van verkeersboetes gegenereer word.✓
- Daar word dikwels na polisiebeamptes in 'n polisiemag verwys as 'wetstoepassers'.✓
- Die polisie werk volgens reëls en regulasies wat streng toegepas moet word,✓ en doeltreffendheid word gemeet in terme van hoe hierdie reëls en regulasies toegepas word.✓
- Baie min ruimte word gelaat vir die gebruik van diskresie.✓
- Polisiemag verwys ook na 'n militêre-agtige of 'n onderdrukkende mag.✓

<u>Polisiediens</u>
'Polisiediens' voer die wet uit deur groot klem op die gees van die wet te plaas.✓

- Dit beteken baie van hul dade is daarop gerig om misdaad te voorkom of konflik op te los,✓ eerder as om bloot net mense te arresteer.✓
- Dit sluit die idee in om ondersteuning en bystand te bied aan lede van die gemeenskap.✓ Dit moedig mense aan om die wet te gehoorsaam✓ en streef daarna om die lewensgehalte van alle burgers te verbeter.✓
- 'n Polisiediens evalueer homself in terme van doeltreffendheid.✓

(Enige 10 × 1) (10)
[20]

OF

VRAAG 8

8.1 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige TIEN van die volgende:**

<u>Die verhouding tussen persoonlike etiek en professionele etiek</u> (10)

Volgens Covey, verteenwoordig die woord 'etos' iemand se persoonlike geloofwaardigheid,✓ die geloof wat mense in iemand se integriteit en vaardighede het✓ en die vertroue wat iemand inboesem.✓

Die eenvoudige waarheid is dat as geloofwaardigheid, integriteit, vaardigheid en betroubaarheid die standaard van genoeg mense binne 'n organisasie is,✓ sal hierdie standaard die professionele beeld van die organisasie self word.✓

Die organisasie sal beskou word as een van geloofwaardigheid, integriteit, vaardigheid en betroubaarheid.✓

Etos sal die groep beïnvloed waarbinne die etiese polisiebeampte werk en dit sal uiteindelik die polisiëringsberoep beïnvloed.✓

Histories hang die erkenning van 'n professie (soos dié van 'n mediese dokter of prokureur) van drie kwessies af, naamlik:✓

- 'n Spesifieke kombinasie van kennis, vaardighede, en gesindheid✓ (vaardigheid, gespesifiseer deur 'n hoëronderwyskwalifikasie waarmee mense geredelik sal saamstem).✓
- 'n Ooreenkoms ten opsigte van etiese standaarde✓ (gewoonlik bestuur deur 'n raad van beroepslui in die spesifieke professie).✓
- Gemeenskapsaanvaarding (openbare aanvaarding) dat die gekose beroep inderdaad as 'n professie beskou word.✓
- Gesien uit die hoekpunt van 'n konstitusionele demokrasie wat deur die wet regeer word,✓ is dit duidelik dat nie net enige iemand met die professie van polisiëring vertrou kan word nie.✓
- Professionele etiek verwys na 'n stel reëls wat voorskryf hoe lede van 'n professie moet optree.✓ (Enige 10 × 1)

8.2 **<u>Nota aan die assessor</u>: Enige TIEN van die volgende:**

<u>Die rol van georganiseerde arbeid in 'n polisiëringsomgewing</u>

<u>Arbeidsorganisasies en die polisie</u>✓
Een van die implikasies van Suid-Afrika se postapartheidsbedeling met sy klem op menseregte is die bevryding van die arbeidsverhoudingsomgewing binne die polisie (Rauch & Van der Spuy, 2006:39).✓ Dit was voorheen verbode om aan vakbonde te behoort✓ want die paramilitêre polisiekultuur het nie goed gemeng met die konsep van kollektiewe onderhandeling en deelnemende bestuur nie.✓

<u>Die opkoms van arbeidsvakbonde</u>✓
Gedurende die vroeë 1990's het arbeidsvakbonde in die polisiëringsomgewing na vore gekom.✓ Vakbonde het begin onderhandel oor kwessies wat voorheen besluit is deur polisiebestuur of deur departementele onderhandelings op sentrale regeringsvlak.✓ Gedurende hierdie tyd het polisiebestuurders by plaaslike stasies hulself dikwels in 'n nuwe omgewing bevind sonder die nodige vaardighede om konflik tussen hulleself en personeel te hanteer.✓ Die vakbonde self was ook onervare✓ en dus ook onvoorbereid om die arbeidsverhoudingsraamwerk in die land te gebruik.✓

<u>Kollektiewe onderhandeling</u>✓
Kollektiewe onderhandeling is 'n proses waardeur arbeids- en bestuursverteenwoordigers oor probleme onderhandel✓ (soos lone en werkstoestande) in die organisasie.✓ Dit is altyd 'n goeie ding in 'n konstitusionele demokrasie.✓ Dikwels egter is die debat oor 'bestuursprerogatief'✓ (die reg van die bestuur om die finale besluite te neem)✓ skadelik vir die verhoudings tussen die arbeidsmag en die bestuur.✓

'n Regverdige griefprosedure wat gebruik word soos dit bedoel is, kan geskille oplos voordat dit vererger.✓ Polisiestakings is onwettig, maar in Suid-Afrika waar stakings 'n integrale deel van ons arbeidslandskap is,✓ kan toekomstige probleme ten opsigte hiervan te wagte wees.✓ (Enige 10 × 1) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou